higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordboek van 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon AL jou berekeninge vir punte wat toegeken word.
5. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
6. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG NOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
1	Kortvrae (meerkeusevrae, pas-die-kolomme-vrae en vrae oor die invul van ontbrekende woord(e)) AL die onderwerpe is geïntegreer.	40	36
2	Berekening en boekstawing van transaksies rakende belasting op toegevoegde waarde	40	36
3	Voorbereiding van salarisse- en lonejoernale Die kleinkasstelsel	40	36
4	Opstel van rekonsiliasiestaat	40	36
5	Basiese administrasie van niebedryfsbates per hand Teorie en teenstrydighede	40	36
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... is 'n voorbeeld van nulgebaseerde lewerings/produkte.

A Opvoeding wat die staat voorsien
B Passasiersvervoer
C Lewensversekeringspremies
D Rou groente

1.1.2 Inset-BTW word in die ... geboekstaaf.

A kontantontvangstejoernaal
B debiteurejoernaal
C krediteurekortingsjoernaal
D kontantbetalingsjoernaal

1.1.3 Die ...-vorm is 'n formele dokument wat 'n BTW-ondernemer moet voltooi wanneer voorleggings aan die SAID gedoen word.

A BTW 201
B BTW 101
C BTW 601
D BTW 404

1.1.4 ... is 'n fooi wat 'n bank hef om 'n diens aan 'n onderneming of individu ten opsigte van hul bankrekening te lewer.

A Hanteringskoste
B Rentekoste
C Bankkoste
D 'n Kredietheffing

1.1.5 Die heersende BTW-persentasie in Suid-Afrika is ...

A 15%.
B 14%.
C 14% en 15%.
D 11%.

1.1.6 Die ... verskaf inligting oor die onderneming se finansiële posisie.

A inkomstestaat
B balansstaat
C kontantvloeistaat
D kontantontvangstejoernaal

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Volgens die ... word kontant in die kleinkaskissie teen 'n vaste bedrag aan die begin van elke maand gehou.

A saldowisselingsmetode
B voorskotstelsel
C kleinkasrekeningmetode
D kleinkasbewysmetode

1.1.8 'n Kantoorskootrekenaar word vir R6 999, BTW ingesluit, aangekoop. Die BTW-bedrag is ... as die heersende BTW-persentasie gebruik word.

A R912,91
B R6 086,09
C R859,53
D R7 858,53

1.1.9 'n Betaling wat van 'n debiteur, C. August, ontvang word, word verkeerdelik na J. September se rekening oorgeboek. Stel die fout reg deur ...

A J. September te krediteer en C. August te debiteer.
B die debiteurekontrolerekening te debiteer en J. September te krediteer.
C J. September te debiteer en C. August te krediteer.
D C. August te debiteer en die debiteurekontrolerekening te krediteer.

1.1.10 'n ... stelsel boekstaaf alle transaksies van die onderneming met behulp van 'n sagtewareprogram.

A Gerekenariseerde
B Finansiële
C Bygewerkte
D Hand-

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Onderneming wat belasting op toegevoegde waarde ontvang en betaal	A	teenstrydigheid
1.2.2	Die tiensyferidentifikasie van 'n BTW-ondernemer	B	verbandlening
1.2.3	Totale verkoopsinkomste	C	lone
1.2.4	Oortollige ure gewerk	D	BTW-registrasienommer
1.2.5	Langtermynlas	E	tjekteenblad
1.2.6	Vergoeding wat werkers in ruil vir hul arbeid ontvang	F	gedishonoreerde tjek
1.2.7	Die brondokument wat gebruik word om transaksies in die kontantbetalingsjoernaal te boekstaaf	G	los kontant ('float')
1.2.8	BTW wat verkeerdelik in 'n joernaal bymekaargetel is	H	oortyd
1.2.9	'n Tjek wat weens wysigings daarop aan die trekker teruggestuur is	I	BTW-ondernemer
1.2.10	'n Term wat gebruik word om kleingeld in 'n onderneming te voorsien	J	inkomste
		K	verouderde tjek
		L	BTW 101

(10 × 1) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Onderneming wat kragtens Kategorie E geregistreer is, moet sy BTW-opgawes op 'n ... grondslag indien.

1.3.2 Die aankoop van niebedryfsbates word ... uitgawes genoem.

1.3.3 'n ... korting word van 'n faktuur afgetrek voordat BTW bereken word.

1.3.4 ... is die maandelikse vergoeding voor enige aftrekkings.

1.3.5 Die ... fonds word gebruik om klein items in 'n onderneming aan te koop.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 'n ... is 'n individu/verskaffer aan wie 'n bedrag geld verskuldig is.

1.3.7 Rente ontvang van die betrokkene ('drawee') word aan die ... kant/kolom van die rekeninghouer se bankstaat geboekstaaf.

1.3.8 'n ... het betrekking op 'n onderneming se besittings.

1.3.9 'n ... is die proses waarvolgens 'n kasboek by die aangebode bankstaat gepas en daarmee vergelyk word.

1.3.10 Die ... belasting is 'n verpligte aftrekking van 'n werknemer se vergoeding.

(10 × 1) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

salaris; kleinkasbewys; drawaarde; BTW; kapitaal; inset-BTW; waardevermindering; bateverkope; uitset-BTW; algemene joernaal; sloopwaarde; debiteure

1.4.1 ... is 'n belasting wat op die waarde van goedere en dienste in Suid-Afrika gehef word.

1.4.2 'n ... is 'n periodieke (gewoonlik maandelikse) vergoeding.

1.4.3 ... is die proses waarvolgens 'n ouer bate verkoop en vervang word.

1.4.4 'n ... is 'n brondokument wat gebruik word om klein betalings wat die kleinkas-kassiere doen, te boekstaaf.

1.4.5 Die vermindering in die waarde van 'n bate wat deur slytasie veroorsaak word, staan as ... bekend.

1.4.6 ... word betaal op goedere wat by verskaffers aangekoop word.

1.4.7 Die verskil tussen die kosprys en die opgehoopte waardevermindering van 'n niebedryfsbate is die ...

1.4.8 Die ... is die bedrag wat 'n bate werd is ná die nuttige lewensduur daarvan.

1.4.9 Die toekomstige beplanning, monitering en bestuur van die investering van 'n niebedryfsbate word 'n ... begroting genoem.

1.4.10 Die ... joernaal word gebruik om foutiewe inskrywings te boekstaaf.

(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Bamuza Bpk is 'n geregistreerde BTW-ondernemer. Hierdie maatskappy boekstaaf BTW teen 15% op 'n faktuurgrondslag.

LET WEL: Bamuza Bpk gebruik NIE 'n afsonderlike BTW-insetrekening en -uitsetrekening nie, maar boek sy BTW-transaksies direk oor na die BTW-kontrolerekening.

ALLE aangeduide bedrae sluit BTW in.

TRANSAKSIES

Febr 2018	1	Betaal TPC Stationers R650 vir skryfbehoeftes. Reik tjek nr. 400 uit.
	5	Die kontantverkope van handelsware bedra R15 500, terwyl die koste van verkope R6 500 bedra. Reik kwitansie nr. 25 uit.
	8	Die eienaar maak 'n kapitaalbydrae van R75 000. Reik kwitansie nr. 26 uit.
	10	Ontvang R12 500 van T. Bam vir die huur van kantore in die gebou. Reik kwitansie nr. 27 uit.
	15	Reik tjek nr. 401 vir brandstof aan Blue Motors uit. Ontvang 'n nulgebaseerde faktuur vir R1 600.
	18	Ontvang faktuur nr. 01 van Swart BK vir handelsvoorraad wat op krediet aangekoop is, R4 500.
	20	Reik faktuur nr. 85 aan K. Kennedy uit vir goedere wat op krediet verkoop is, R850. Die koste van verkope is R550.
	24	Stuur voorraad aan Swart BK terug. Debietnota nr. 15 word vir R500 uitgereik.
	28	Bankkoste op die bankstaat vanaf Treasure Bank, R145.
	28	Reik faktuur nr. 80 aan K. Kennedy uit vir goedere wat teruggestuur is, R85. Die koste van verkope is R47,50.

Verlang

2.1 Teken die transaksies hier bo in die toepaslike hulpjoernale vir Februarie 2018 op. Kry slegs die totaal vir die BTW-kolomme in AL die joernale aan die einde van die maand. (29)

2.2 Boek slegs oor na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (8)

Kopiereg voorbehou

2.3 Beantwoord die volgende vrae aan die hand van die algemenegroot-boekrekening in VRAAG 2.2:

2.3.1 Moet die onderneming BTW aan die SAID betaal of gaan hy 'n terugbetaling van die SAID ontvang? (2)

2.3.2 Identifiseer die bedrag. (1)

[40]

VRAAG 3

3.1 Die volgende inligting is van Debra Fashions verkry.

Gedurende die week geëindig 31 Mei 2018 is die volgende werknemers, wat uurliks betaal word, deur Debra Fashions in diens geneem. AL die werknemers werk 40 normale uur per week.

Die besonderhede van die ure gewerk en die vergoeding vir die week wat op 31 Mei 2018 eindig, word hier onder aangedui:

NAAM	HUWELIK-STATUS	AFHANK-LIKES	URE GEWERK	TARIEF/NORMALE TYD	TARIEF/ OORTYD
Kate Mtiki	Enkellopend	Geen	54	R45	R65
Chedza Booi	Getroud	3	49	R55	R70

AFTREKKINGS

- Belasting (LBS): 18% van belasbare inkomste

- Die mediesefonds-bydraes word soos volg afgetrek:
  - R100 per week vir 'n enkellopende persone
  - R150 per week vir getroude persone en 'n bykomende bydrae van R50 per afhanklike
- Die werkgewer dra R1,50 by vir elke R1 wat die werknemer tot 'n mediese fonds bydra.
- Pensioenfonds: 7,5% van die werknemers se normale loon. Die werkgewer dra R2 by vir elke R1 wat die werknemer bydra.
- WVF: 1% van 'n werknemer se bruto inkomste. Die werkgewer dra dieselfde persentasie van die werknemer se bruto inkomste by.

Verlang

Voltooi Debra Fashions se lonejoernaal vir die week geëindig 31 Mei 2018. Moet NIE die totale van die lonejoernaalkolomme bereken nie.

GEEN oorboeking word verlang nie. (22)

3.2 Die kleinkastransaksies hier onder is 'n uittreksel uit Patel Bpk se boek vir Maart 2018. Die onderneming maak van die wisselendesaldo-stelsel gebruik.

LET WEL: ALLE bedrae sluit BTW uit.

Maart 2018	1	Koop 'n witbordwisser, R45 (bewys nr. 01).
	3	Koop blomme vir ontvangs, R65 (bewys nr. 02).
	9	Koop ink vir die drukker, R85, by Broses Bpk (bewys nr. 03).
	15	Koop vrugtesap vir besoekers aan die maatskappy, R50 (bewys nr. 04).
	19	Stuur 'n pakkie per pos en betaal R95,50 (bewys nr. 05).

Verlang

3.2.1 Voltooi Patel Bpk se kleinkasjoernaal vir Maart 2018. Bereken slegs die totaal van die kleinkaskolom. (14)

3.2.2 Boek die kleinkasjoernaal hier bo na die kleinkasrekening in die algemene grootboek oor en balanseer die rekening aan die einde van die maand.

LET WEL: Maak van die wisselendesaldo-metode gebruik. 'n Kontanttjek van R800 word aan die begin van Maart 2018 aan die kleinkas-kassiere uitgereik. (4)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Trevor More Suppliers het die volgende inligting vir sy finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2018 aan jou voorsien:

INLIGTING

1. Die kasboek het 'n debietsaldo van R120 800 op 1 Augustus 2018.

2. 'n Vergelyking van die bankstaat met die kasboek op 31 Augustus 2018 openbaar die volgende verskille:

   a) Die bankstaat toon 'n kredietsaldo van R159 200.

   b) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:
   Nr. 400 R8 400
   Nr. 401 R65 800
   Nr. 402 R12 800

   c) Tjek nr. 390 ter waarde van R40 000 word aan PDF Suppliers as betaling ten opsigte van die onderneming se rekening gestuur. Dit raak in die pos verlore en moet dus gekanselleer word.

   d) 'n Tjek ter waarde van R22 200, wat die eienaar uit sy persoonlike lopende rekening onttrek het, verskyn op die onderneming se bankstaat.

   e) Die bank debiteer Trevor More Suppliers se lopende rekening met die volgende bedrae:

Koste van 'n tjekboek	R140
Diensgelde	R3 260
Belastingheffings	R400

   f) 'n Kredietinskrywing van R30 000 ten opsigte van huurgeld betaal is direk in die onderneming se bankrekening gemaak.

   g) Die bankstaat toon 'n debietorder van R9 000 ten gunste van Badogwa Brokers vir versekering.

   h) Die bank het nog nie 'n deposito van R91 200 gekrediteer wat op 31 Augustus 2018 gemaak is nie.

   i) Daar word 'n maandelikse stoporder van R6 000 ten gunste van MTG op die bankstaat getoon. Dit is om die eienaar se begrafnispolis te betaal.

   j) C. Clara deponeer R21 000 direk in die onderneming se lopende rekening vir dienste wat op krediet gelewer is.

   k) 'n Tjek van R7 400 wat van 'n debiteur ontvang is, word gedishonoreer omdat daar onvoldoende fondse is.

Kopiereg voorbehou

Verlang

4.1 Maak die aanvullende inskrywings in die kontantontvangste- en die kontantbetalingsjoernaal. Bereken slegs die totaal van die bankkolom in albei joernale op 31 Augustus 2018. (15)

4.2 Doen 'n oorboeking na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die bankrekening. (3)

4.3 Stel die bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2018 op. (7)

4.4 Die volgende inligting is uit Eva & Eva BK se boeke vir Maart 2018 onttrek. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Lys debiteure op 1 Maart 2018
- T. Mulisa R11 000
- D. Daniels R4 000

Lys krediteure op 1 Maart 2018
- Themba Traders R6 152
- Brooks Deliveries R6 500

1 Ontvang 'n tjek vir R10 900 van T. Mulisa ter vereffening van haar rekening. Reik kwitansie nr. 110 uit.

9 Reik tjek nr. 001 vir R6 152 aan Themba Traders ter volle vereffening van die onderneming se rekening uit.

15 Betaal R3 500 aan Brooks Deliveries per tjek nr. 002. Ontvang R200 se korting.

17 Ontvang 'n tjek vir R2 000 van D. Daniels. Reik kwitansie nr. 111 uit.

Verlang

Maak van die inligting hier bo gebruik om toepaslike inskrywings in die ANTWOORDBOEK te maak.

4.4.1 Maak die nodige inskrywings in die individuele krediteure- en debiteuregrootboekrekeninge vir Maart 2018. (13)

4.4.2 Stel die debiteurelys en krediteurelys op nadat die transaksies hier bo in berekening gebring is. (2)

[40]

VRAAG 5

Die volgende inligting is uit Tshidino Bricks se bateregister geneem. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Dit is die organisasie se beleid om ALLE bates teen 'n koers van 10% per jaar met behulp van die verminderendesaldo-metode te depresieer. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart 2018.

Tshidino Bricks koop 'n afleweringsvoertuig met die volgende spesifikasies:

Soort voertuig	Ford Ranger	Kleur	Wit
Kosprys	R250 000	Aankoopdatum	1 Oktober 2014
Registrasienr.	BA8888	Verskaffer	Mount Fuji Garage
Reeksnr.	SSN123789	Lewensduur	5 jaar

TSHIDINO BRICKS

Batebeskrywing: **?**

Algemenegrootboekrekening: Voertuig: Gekoop by: **?**

Reeksnommer: SSN123789 Kosprys: R250 000

Waardeverminderingsmetode: 10%- afnemendesaldo-metode

Datum aangekoop: **?** Kleur: **?** Registrasienr.: BA8888

Datum	Koste	Waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering	Drabedrag
1 Oktober 2014	R250 000			R250 000
30 Maart 2015		**?**	**?**	**?**
30 Maart 2016		**?**	**?**	**?**
30 Maart 2017		**?**	**?**	**?**
30 Maart 2018		**?**	**?**	**?**

Verlang

5.1 Voltooi die ontbrekende besonderhede (deur die vraagtekens aangedui) in die ANTWOORDBOEK met behulp van die uittreksel uit die bateregister. (17)

5.2 Die volgende inligting kom voor in S. Winter Bpk se boeke vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018.

Die volgende saldo's aan die einde van die finansiële jaar word in die boeke aangedui:

Voertuig	R350 000
Opgehoopte waardevermindering	R300 000

Die onderneming besluit op 31 Desember 2018 om die voertuig vir R25 000 kontant aan B. Bram te verkoop.

Kopiereg voorbehou

Verlang

Voltooi die algemenegrootboekrekening hier onder in die ANTWOORDBOEK met behulp van die inligting hier bo.

5.2.1 Voertuigrekening (2)

5.2.2 Opgehooptewaardevermindering-rekening (2)

5.2.3 Bateverkoperekening (4)

5.2.4 Wins-en-verlies-rekening (1)

5.3 Gee TWEE moontlike redes vir 'n teenstrydigheid wat in 'n onderneming se kleinkas voorkom. (2 × 2) (4)

5.4 Gee TWEE redes vir wat kan gebeur as die debietkant en die kredietkant van 'n proefbalans nie balanseer nie. (2 × 2) (4)

5.5 Die volgende debiteurekontrolerekening in Frame BK se algemene grootboek is verkeerd gebalanseer en foutiewe totale is daarvoor bereken. Stel hierdie teenstrydigheid in die debiteurekontrolerekening in die ANTWOORDBOEK reg.

FRAME BK SE ALGEMENE GROOTBOEK
DEBITEUREKONTROLEREKENING

Datum	Besonderhede	Fol.	Bedrag		Datum	Besonderhede	Fol.	Bedrag
Aug 1 2018	Saldo	a/b	23 450		Aug 31 2018	Bank en korting	KOJ	4 430
	Verkope	DJ	2 830			Debiteurekorting	DKJ	450
	Joernaaldebiete	AJ	320			Saldo	o/d	25 100
			26 180					26 600
Sep 1	Saldo	a/b	20 300					

(6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou